6.10 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.10) en die letter (A–D) neer.

Die les wat 'n mens uit hierdie verhaal kan leer, is dat jy …

A dankbaar moet wees vir wat jy het.
B skelm maniere moet gebruik om iets kry.
C altyd moet spog oor wat jy het.
D met ander moet baklei om iets te kry. (1)

6.11 Sal jy Koning Leeu se partytjie as 'n sukses beskryf? Motiveer jou antwoord. (1)

6.12 Vrou Koedoe het nie die partytjie bygewoon nie. Waarom, dink jy, moes sy spyt wees oor haar besluit? (1)

6.13 Watter goeie leierseienskap het Koning Leeu gehad? (1)

**EN**

**VERHAAL B: "DIE TOWERSAK" – Corlia Fourie**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS J**

| |
|---|
| Eendag was daar 'n meisie wat wou loop waar sy wil.<br>Toe sê haar ma: "My kind, jy is nie 'n seun nie. Jy kan nie loop waar jy wil nie."<br>Maar haar pa sê …<br>***<br>Eers het haar ma daaroor gehuil, maar omdat sy geweet het dis wat haar dogter wil doen, het sy … |

6.14 Wat het die muti-vrou vir die ma gegee? (1)

6.15 Noem TWEE dinge wat daarop dui dat die meisie gereed was om te loop waar sy wou. (2)

6.16 Die meisie se pa was baie beskermend teenoor sy dogter.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.17 Hoe sou die meisie teenoor haar ma gevoel het as die ma nie na die pa geluister het nie? (1)

6.18 Wat het die wind in die meisie en jongman se ore gefluister? (1)

6.19 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.19) en die ontbrekende woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| bly; | bang; | ongelukkig |

Die meisie het … gevoel toe sy rondloop en alles bekyk. (1)

6.20 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.20.1–6.20.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.20.1 | Die meisie se ma | A | … het mense se lewens met stories verander. |
| 6.20.2 | Die jongman | B | … wou weet wat in die sakkie was. |
| 6.20.3 | Die meisie se pa | C | … wou meer stories hê. |
| 6.20.4 | Die meisie | D | … het die muti-vrou se oorpyn laat weggaan. |
| | | E | … was nie bekommerd nie. |

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS K**

"Ek het belowe."
Toe vra die jong man elke oggend as hulle hul oë oopmaak. Hy vra wanneer hulle langs die pad loop en hy vra as hulle rus. Hy vra as hulle bessies van die bome afpluk en hy vra as hulle mooi blomme diep in die klowe sien.
"Kom ons kyk wat in die sakkie is."

6.21 Hoekom kan ons sê dat die meisie ongehoorsaam was? (1)

6.22 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Die meisie het die sakkie op die grond uitgeskud.
- Die meisie het belowe om nie in die sakkie te kyk nie.
- Die meisie het die sakkie vol stories gemaak.
- Die meisie het die buffel met 'n spies doodgegooi. (4)

